# DIE SWART LUIPERD

No. 44
Wraak van die Woud



braam le roux

Met 'n paar lang hale loop hy die leeu van agter af in. Toe die mannetjie met 'n oonaardse grom die Injani jongeling se nek afkap, slinger die Luiperdman hom op die dier se rug. Met die snelheid en die lenigheid van 'n jagluiperd. Met die krag wat nie veel minder is as dié van 'n jong leeu nie. En met die oordeelkundigheid wat net lang omswerwinge deur die oerwoud jou kan gee.

Toe hy op die leeu se rug beland, doen hy twee dinge tegelyk. Hy slinger sy kragtige arms om die dier se nek en ruk sy liggaam skeef.

Die volgende oomblik swaai hy sy bene in 'n skroefgreep agter om die dier se middel.

Oorval deur hierdie onverwagte maneuver, val die leeu op sy sy en dit is toe dat die Luiperdman sy greep om die nek en om die middel van die dier met al sy voortreflike krag verskerp.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Bloed-drama | 3 |
| 2. | In die Val | 13 |
| 3. | Die Vreemdeling | 22 |
| 4. | Die Woude Roer | 31 |
| 5. | Verlore Ruiter | 41 |
| 6. | Op Vlug | 49 |
| 7. | Die Nag het Kloue | 58 |
| 8. | Man en Leeu | 67 |
| 9. | Die Worsteling | 76 |
| 10. | Die Tromme Dreun | 83 |


## Hoofstuk 1

## BLOED-DRAMA

Dit is kort na sonop en die groot oerwoud lê stomend onder die eerste strale. Die vroeë mistigheid slinger 'n vae wit wasigheid oor die woesteny van groen boomtoppe wat in alle rigtings wegstrek tot by die verre purperblou berge, ver in die weste. Kolonies ape sketter tussen die donker stamme en die dromende groen lower.

Maar vanoggend is hierdie woud anders as gewoonlik. Hier is 'n diep, dreigende stilte wat 'n mens nie kan verklaar nie. Hier is 'n verlatenheid wat jou onwillekeurig in alle rigtings laat kyk.

Die Swart Luiperd verskik sy kragtige liggaam 'n slag in die reusagtige mik van die wildevy en betrag die groot vlakte met die uiterste noukeurigheid. Vreemde verskynsel hierdie. Dit is nie soos hy hierdie vlakte ken nie. Dit is wyd en dit strek myle ver na die noorde. Dit lê vasgevang tussen die donkergroen some van die woud en dit is hier waar die wild gewoonlik in groot massas saamdrom na die eerste reëns.

Die gras is groen en welig. Dit is die korterige vlaktegras wat elke duim grond hier bedek en soos 'n groen laken wegstrek tot waar die wasigheid op die verre horison die sigbaarheid vernietig.

En tog is hier vanoggend op hierdie malse weivelde nie 'n lewende dier nie. Dit is broeiend stil en ook hier slaan die mistigheid in wye walms uit.

Terwyl hy kyk, word die Swart Luiperd bewus van die sagte, tjankende geknor van sy mak tierwyfie, Spikkels. Sy en haar maat, Simson, lê hier onder teen die voet van die dik stam. Dit laat hom verbaas afkyk. Hulle twee het net voor sonop 'n middelslag impala neergetrek en opgevreet. Hulle behoort nou rustig te wees. Die wyfie staan regop, roer haar ore agterdogtig en die mannetjie lê op sy voorpote, wakker en rusteloos.

Hy hoor sy swart hings, Donker, saggies runnik hier 'n entjie na agter toe waar hy hom op die oop kolletjie tussen die bome op riem geslaan het sodat hy bietjie kan wei.

Snaaks, dink die groot man, dit is asof hierdie diere ook die snaakse atmosfeer aanvoel. Dit is asof hulle sy gevoelens deel. Maar hulle is kinders van die oerwoud, veel meer as hy, en hy het al

hoeveel maal gesien dat sy diere gevaar baie fyner aanvoel as hy. Hy het al soveel maal gewens hy kon dit aanvoel soos hulle.

Tog, hierdie groot vlaktes is nie heeltemal verlate nie. Die hordes wild wat gewoonlik hier saamdrom, makeer nou wel. Die plate sebras en wildebeeste dreun nie oor die aarde nie. Die troppe springbokke pronk nie in die vroeë môrelig nie. Daar is nie klompies buffels wat die lug wantrouig opsnuif nie en daar is selfs nie 'n troppie leeus te sien wat gewoonlik hier op die kante van die wildtroppe lê en wag nie.

Die Swart Luiperd kyk fronsend oor die leegheid weg. Staar verwonderd na die paar diere wat tog hier te sien is.

Vir die soveelste maal kyk hy na daardie jong kameelperd, net anderkant die boskasie olifantsgras, nie ver van hierdie naaste waterkuil af nie. Die dier staan soos 'n standbeeld daar, die stert saggies swaaiend, die kop hoog, die ore gespits.

Maar dit beweeg nie. Dit bly net daar staan asof dit uit klip gebou is.

Dan is daar die blouwildebeesbul verder links op die oop vlakte. Ook hy beweeg nie. Hy verroer hom nie. Maar miskien is hy maar 'n ou eenloper wat hom vir die res van die kudde gevies het. En tog 'n wildebeesbul sal nie so na aan die waterkuile op die kaal vlak so staan en droom nie.

,,Eienaardige besigheid,'' sê die Swart Luiperd tot homself toe hy Spikkels weer hoor knor, net baie saggies, nie van woede nie, maar eerder van onrus.

Meteens bars twee mannetjies volstruise van die westekant af die vlakte binne. Hulle draf met groot hale en swaai hul pluime sodat die wit vlerkvere lyk soos wit ontploffings duskant die groen van die woud.

,,Hulle is ook nie baie op hul gemak nie,'' fluister die Swart Luiperd. Die twee voëls steek reg oor die vlakte en swaai toe in noordelike rigting weg by die verste waterkuile verby.

Die Swart Luiperd kyk na sy twee tiers af. Hy is dankbaar dat hy hulle op hierdie reis saamgebring het. Dit is nou al 'n paar maal dat hy hulle en vir Donker op sy Hoëveldse plaas in Transvaal agtergelaat het terwyl hy deur die oerwoud kom trek het. Hy wou hulle bietjie laat rus het na al die noue ontkomings wat hulle al saam in die oerwoude van Afrika deurgemaak het, maar hierdie keer kon





hy dit nie oor sy hart kry om hulle weer agter te laat nie.

Hy weet eintlik self nie waarom hy nou weer hier is nie, behalwe dat dit maar weer die wanderlust is wat hom beetgepak het en sy belofte van 'n paar jaar tevore dat hy 'n sendelingvriend naby die ewenaar sou kom besoek. Hierdie keer het hy in Nairobi geland en landinwaarts getrek tot hier by die groot wildvlaktes, met die bedoeling om hiervandaan noordwaarts te reis na die sendingstasie.

Ja, die Luiperdman is dankbaar dat hy sy twee mak tiers saamgebring het, want hier is 'n groot skroef los, dit weet hy nou. Wild gee nie sommer om dowe neute pad van sulke weiveld en van waterkuile af wat blykbaar nog vol is soos hierdie hier voor hom op die groot vlakte nie. En al kraak ou Donker se litte al bietjie, voel die Luiperdman hom veiliger noudat hy hierdie troue, vinnige dier naby hom het. 'n Leeumannetjie moet hom ken as hy vir hom en Donker wil vaslê, want Donker kan vinnig loop en kort draai wanneer die gevaar dreig. Hy loer deur die lower agter toe en sien dat sy perd nou ewe rustig op die gras daar in die oop kol staan en wei.

Dit is toe hy sy kop weer draai om die oop vlaktes te bespied en 'n oplossing vir hierdie vreemde geheim te probeer vind, dat sy aandag weer deur die kameelperd getrek word. Die dier is nou dubbel onrustig. Hy swaai sy ore vinnig, draai sy kop, buig sy nek elke keer en swaai sy stert asof van woede.

Links van die streep olifantsgras langs die kuil, sien die Luiperdman die beweging, half tussen die gras sodat hy dit eers nie mooi kan uitmaak nie.

Maar toe weet hy—dit is 'n leeu wat daar beweeg. Maar dit is 'n leeu wat eienaardig beweeg—nie met daardie lenige sluipbeweging wat die koning van die diere so eie is nie, maar met 'n eienaardige ongemak.

Die snaakste is dat die kameelperd hom al moes gesien het, maar die langnek maak geen aanstaltes om voet in die wind te slaan nie. Hy staan net daar en laat sy oortjies rondspring, draai sy kop.

Die volgende oomblik weet die Swart Luiperd wat gaande is. Die kameelperd probeer beweeg, maar hy spring aaklig op drie bene. Dit verskaf hom blykbaar soveel pyn dat hy dadelik weer vassteek en omswaai. Amper is hy onderstebo. Hy tel sy regtervoorbeen

hoog op, buig sy lang, slanke nek en probeer blykbaar die pyn in daardie been met sy bek aanraak.

Dit is 'n patetiese, byna potsierlike drama, want die maanhaar wat tussen die gras uitgebars het, is net so mankoliek. Hy hobbel ook op drie bene. Hy probeer die kameelperd storm en die roer hom nie. Hy trap net vas, skop agterop en tref die springende leeu voor die bors sodat hy in 'n brullende bondel opsy val.

Die maanhaar sluip weg en vat ook sommer koers, pynlik en stadig en blykbaar half blind van die seer.

Die kameelperd strompel 'n paar tree weg en toe gaan hy lê.

,,Ek wonder hoe lank daardie leeu al sukkel om daardie kameelperd te dood,'' praat die Luiperdman. Die Leeumannetjie sluip tussen 'n streep olifantsgras in wat in 'n lang groen streep oor die vlakte strek, blykbaar al met 'n sloot langs.

Twee duikers bars uit die gras en lê plat oor die vlakte. Die leeu swaai ook en staan hulle verlangend en agternakyk. Toe sukkel hy verder, verdwyn weer tussen die gras in sodat die Luiperdman net af en toe sy rug sien beweeg. Blykbaar het hy nou opgegee om die kameelperd te probeer neertrek en hy vat sommer doelbewus oor die vlakte koers, al tussen die gras langs om seker te gaan kyk of hy nie in die oerwoud dalk iets makliker gevang gaan kry nie.

Die Swart Luiperd wil nog die leeu verder dophou met die klein teleskoop wat 'n ou sendeling hom eenkeer present gegee het toe hy in Kenia 'n mensvreterleeu afgemaak het wat verwoesting onder die swartes daar gesaai het. Maar toe sien hy weer beweging heel aan die anderkantste soom van die vlakte.

Dit is weer volstruise—hierdie keer twee wyfies en 'n mannetjie wat eienaardig vinnig die vlakte binnebars uit die doringveld net voordat die oerwoud begin.

En agter die drie kom nog 'n mannetjiesvolstruis te voorskyn.

Dit is hy wat die Luiperdman se aandag onmiddellik trek. Hy sny nie skuins oor die oop vlakte soos die ander drie nie. Hy pyl reg oor die vlakte direk in die rigting waar die Luiperdman hier in die boom sit.

Met 'n glimlag trek die Luiperdman die lang boog van sy skouers af, trek die pylekoker nader waar hy dit aan 'n slap takkie opgehang het en bind dit om sy middel.

,,Al die volstruise is nie volstruise nie,'' praat hy sag, trek die





boogsnaar en los dit sodat dit springend en singend terugspring.

,,Ek dink ons kry besoekers, my diere,'' praat hy met sy twee tiers hier onder die boom. Hulle loer na hom op Spikkels swaai haar voorlyf teen die boom op, slaan haar naels in die bas so asof sy soebat dat hy nou moet afklim sodat hulle kan beweeg. Simson loop 'n paar tree, steek vas, snuif die lug en kom terug, sy stert swaaiend, sy ore plat.

,,Wat is dit met julle?'' vra die Luiperdman speels. ,,Julle is net soos twee katte wat 'n foksterriër gewaar het. . .'' Net om heeltemal seker te wees, loer hy weer terug, maar ou Donker staan en peusel nog smaaklik daar in die oop kol.

Daardie volstruis het nou amper die middel van die vlakte bereik en hy loop hard, in 'n reguit lyn.

Net, die Luiperdman weet daardie is geen volstruis nie. Dit is nie die eerste maal dat hy daardie soort volstruis sien nie.

Dit is 'n inboorling met 'n volstruisvel om en wat 'n kierie omhoog hou soos hy hardloop, met die kop en die nekvel van die volstruis daarom sodat hy presies soos 'n volstruismannetjie lyk soos hy nou daar oor die vlakte aangestorm kom. Heel moontlik is dit 'n boodskapper. Heel moontlik is hy op pad na die setel van die swart-kommissaris ver na die ooste. Die inboorling in hierdie kontrei vermom hulle graag soos volstruise, dit weet die Luiperdman. Hulle glo dat die volstruisvel hulle teen allerhande onheile beskerm.

,,As hier dan toneel gespeel word, sal ek seker ook maar moet toneelspeel,'' sê die Luiperdman, trek sy tiervermomming uit 'n mik en trek dit oor sy kop. Ook sy tiervelbaadjie trek hy aan. Dit verleen aan hom 'n vreesaanjaende aanskyn—die gesig, die bek en die ore van 'n tier, die tande wit en glinsterend in die oop bek, die ore spits regop. En tog het hy die liggaam van 'n man. Hy glimlag onderwyl hy terugdink hoeveel stomme inboorlinge hy al die skrik op die lyf gejaag het met hierdie tiermondering van hom.

Maar meteens verstar daardie glimlag op die Luiperdman se gesig. Meteens val dit hom weer by van daardie leeu. Vandat hy hierdie inboorling sit en dophou het wat hier oor die vlakte aangestuif kom, het hy skoon van daardie leeumannetjie vergeet wat so vol pyn en foltering in die streep olifantsgras opgesluip het.

En daardie inboorlingboodskapper hardloop juis al langs die

streep gras af.

Watter belangrike boodskap dra hy nie dalk nie?

Het hy nie dalk kennis oor wat hier gebeur het dat die groot wildtroppe soos mis voor die son van hierdie vlaktes af verdwyn het nie?

Met die snelheid en die lenigheid van 'n werklike luiperd, stort die Luiperdman na die dik stam onder hom, toe weer na een laer af en die volgende oomblik swaai die tiervelmantel agter hom soos hy deur struik en stam en lower na die opening storm waar Donker staan. Die twee tiers glip soos twee skimme hier langs hom en Spikkels byt vir Simson speels aan die nek van pure vreugde omdat hul baas weer beweeg en nie soos 'n houtpop daar hoog bo in die mik sit nie.

Die Luiperdman ruk die pen uit die grond, bevlieg vir Donker, spring in sy rug, sommer sonder saal of toom. Hy stuur die swart hings met die halterriem onder die bome uit die vlakte in, steek hom met die hakke en jaag oor die kort groen gras.

Sy twee tiers loop met lang hale weerskante voor die jagende Donker, net soos twee verkenners wat moet uitvind of daar nie gevaar voor is nie. Dit is soos die Luiperdman hulle geleer het en dit is soos hulle al dikwels sy lewe gered het in hierdie donker woude en oop vlaktes waar gevaar agter elke graspol kan skuil.

Die kameelperd sien hulle aankom, probeer pad gee, maar toe is hy onderstebo en lê skoppend daar, magteloos en vol pyn.

Donker steun soos hy loop, want hy weet wanneer sy baas haastig is en dan is dit nie nodig om hom nog aan te por nie.

Die inboorlingboodskapper het die snaakse gedaante ook gesien wat hier oor die vlakte aangestorm kom. Hy kan goed sien dat dit 'n perd is wat daar aangehardloop kom, maar die figuur op die perd kan hy glad nie verstaan nie. Die snaakse verskynsel kan hy glad nie uitmaak nie. Af en toe sien hy ook die rooivaal gedaantes weerskante van die perd.

Dit is toe dat die swarte die verkeerde ding doen, presies net wat die Luiperdman nie graag wil hê dat hy moet doen nie.

Hy swaai 'n bietjie na links en gaan die streep olifantsgras binne net asof dit om beskerming sal verleen. Die Luiperdman swaai sy arms en probeer beduie, maar die inboorling is reeds tussen die gras in en net die ,,nek'' van die volstruis is bo die grastoppe





sigbaar. Wat homself betref, ken die Luiperdman selde vrees, maar hy vrees nou vir die lot van hierdie stomme skepsel. Hy weet glad nie waar daardie leeu is nie, maar hy is heeltemal seker dat daardie volstruisman reg op die ondier gaan afhardloop as hy nie betyds gekeer word nie. Dalk het die leeumannetjie nie ver gestap voordat hy in die gras gaan lê het nie. As dit so is, sal hy die swartman nog kan red, maar as die leeu ver in die gras opgestap het, dan is dit klaarpraat. Daardie dier is seker al so verhonger dat hy enigiets sal aanval en verslind.

As hy maar net nie so vervlaks ingedagte was toe hy die volstruisman die eerste keer gesien het nie, dink die Luiperdman verwytend. Dan kon hy nou al veel nader gewees het. . .

'n Swaar brul tril deur die lug, toe 'n harde geskreeu soos dié van 'n man wat in die diepste hel van angs is. 'n Oomblik sien die Luiperdman nie ver voor hom nie die toppe van die lang olifantsgras skielik in wilde beroering kom. Hy sien die ,,nek'' van die volstruisman verdwyn, 'n assegaai blits 'n paar maal bo die gras en altyddeur is daar maar die diepe gegrom, halwe gebrul van 'n leeu wat aanval.

Donker lê oop soos hy hardloop en die twee tiers laat vir Donker en die Swart Luiperd nou heeltemal agter, want hulle het die beroering ook gesien. Snel soos die wind storm hulle op die plek toe waar die worsteling uitgebreek het, maar nog voordat hulle die plek bereik, sien die Luiperdman hoedat die leeumannetjie tussen die gras uitbreek. Nou het hy blykbaar die pyn aan sy been heeltemal vergeet want hy het 'n woeste bondel springende, worstelende, swaaiende spiere geword. Hy spring hoog in die lug, dan bondel hy weer op die grond, kap met sy groot voorpote na die son, brul en worstel.

En agter sy blad swaai die blink steel van die kort steekassegaai...

Die Luiperdman fluit so in die jaag op sy twee tiers wat pylreguit op die sterwende leeu afstorm, want hy weet dit is nodeloos dat hulle hulle in die stryd gaan waag met hierdie woedende, bloeiende gedierte. Net een kap van daardie magtige klou en Spikkels of Simson kan dood op die grond lê.

Die twee gehoorsaam hom onmiddellik. Hulle hardloop tot kort by die leeu en toe steek hulle vas, kyk om na waar hul baas

aangejaag kom en toe wag hulle.

Toe die Luiperdman twintig tree van hom af is, slaan die leeu op die grond neer, stuur 'n diep, vreesaanjaende roggelbrul uit en toe sterf hy.

Die Luiperdman storm die gras binne. Daar is 'n oop kol waar die gras platgetrap is en die lang stingels is rooi van die bloed. 'n Verskeurde volstruisvel lê eenkant en in die middel van die kol lê die swarte op sy rug, sy kop skeef, sy hande ver uitgegooi. Sy bors is oopgeruk waar die leeu se klou hom getref het en daar lê diep vore oor sy voorkop waar die magtige naels hom getref het.

Die Luiperdman klim af, kyk na die skepsel, maar toe weet hy dat hy dood is. Hy verroer hom nie en sy pols is doodstil. Sy nek is slap en die Luiperdman weet dat die leeu dit in die finale worsteling moes gebreek het.

,,As ek net twee minute eerder hier kon gewees het,'' sê hy bitter, draai hom half om en kyk na waar die leeu lê met die assegaai regop agter sy blad ingesteek.

Toe buk hy en skuif die stomme inboorling onder die hoë gras in. Dit is nodeloos om die lyk hier teen die diere te probeer beskerm, want hier is geen klippe wat hy kan gebruik om dit toe te stapel nie en hy het ook niks by hom om 'n vlak graf mee te grawe nie.

Net toe die Luiperdman weer orent kom nadat hy die lyk onder die gras ingeskuif het, tref iets hom—die leerbandjie om die swarte se nek. Die klein gespe lê op die skepsel se gorrel. Die Luiperdman maak die bandjie los en dit is toe eers dat hy die klein sakkie ontdek wat agter die nek ingeskuif het. Hy maak dit oop en toe sien hy die klein briefie daarin. Met bewende vingers vou hy die briefie oop. Die man wat hierdie briefie geskryf het, het met bewende vingers geskryf en blykbaar in baie groot haas, want daar staan net 'n paar woorde, mankoliekig en krom.

,,Stuur dadelik hulp. Ek is 'n gevangene in die Bomboberge. . . John.''

Die Luiperdman staar fronsend na die paar woorde. John. . . Wie is hy? En deur wie word hy in die ruie Bomboberge gevange gehou? Die Bomboberge strek byna honderd myl ver aan die westelike soom van die groot wildvlaktes. Daar is dele wat feitlik onbegaanbaar is, so ver die Luiperdman kan onthou van die keer toe hy dit eenkeer daar langs gewaag het, lank gelede.





En aan wie is die briefie geadresseer? Heel moontlik aan die Bantoe-kommissaris. Hy kyk oor die vlakte en oor die oerwoud weg na die ver berge weswaarts—die Bomboberge. Wat is hul geheim? wonder hy terwyl hy na die plat kruine staar wat lyk asof hulle die hemelruim aanraak. Na die reusagtige boshange wat hiervandaan diep-purper lyk.

Hy steek die briefie in die sakkie aan sy breë leergordel en toe stap hy na waar die leeu dood lê. Spikkels en Simson sit op hul hurke daar by die gevalle dierekoning en hulle lyk bra afgehaal omdat hulle nie toegelaat was om die leeu aan te val nie.

Die Luiperdman bekyk die leeu se voorbeen en toe skud hy sy kop. Die been is 'n paar duim bo die poot af. En dit is nie afgebreek nie. Dit is daar afgeskiet. Dit is vir die Luiperdman heeltemal duidelik.

Hy kyk na die noorde. Sy koers lê daarheen. Die groot vlaktes roep hom.

Maar toe die Luiperdman weer in Donker se rug klim, ry hy nie noordwaarts nie. . . Hy ry terug na sy kampplek van verlede nag. Hy wil sy goedjies gaan bymekaar maak. . . en dan wil hy weswaarts ry, in die rigting van die Bomboberge.

Op die pad terug ry hy by die gevalle kameelperd aan. Wat hy daar aanskou laat hom sidder, laat hom woedend op sy tande kners. Die stomme dier probeer nie eens padgee toe hy nader kom nie. Die regtervoorbeen is blykbaar in die knie afgeskiet en dit is so geswel dat dit soos 'n dik stam lyk. Dit het 'n aaklige verswering geword waarin die vlieë en brommers krioel. Die kameelperd se oë is sag van pyn, sag en glansloos. En die Luiperdman weet dat hy nou hier lê om te sterf. Hier sal hy nie weer opstaan nie. Dit is asof die dier hom smeek om sy foltering te beëindig.

Die lang man voel aan die lang jagmes in die skede aan sy sy. Maar toe besluit hy anders. Hy haal 'n pyl uit die koker, haal die lang boog van sy rug af, en staan 'n paar tree terug. Hierdie keer korrel hy baie versigtig. Met 'n sagte swiepgeluid vlieg die pyl deur die son en dit brand deur die hart van die lydende kameelperd. Die dier ruk, skop 'n paar maal en toe lê hy heeltemal stil.

Die Luiperdman gaan trek sy pyl uit die dooie kameelperd, klim in Donker se rug en ry voort, reguit terug na die plat rotskoppie waar hy vannag gekampeer het.